

3

IN GESPREK MET GOD

Erediensdele

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet verstaan dat 'n erediens 'n gesprek is tussen ons en God.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet dat God in die erediens aan die woord kom deur die Skriflesing en prediking.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet –

- glo dat God met ons praat in die erediens; en
- bereid wees om in die erediens te luister.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om met hulle ouers vanoggend se preek te bespreek.

MEER INLIGTING (Eksodus 3: 1-6; Romeine 12: 1-8)

Mense wat mekaar ken, praat met mekaar en kuier by mekaar. As hulle nie met mekaar praat nie, gaan hulle nie weet hoe dit met die ander een gaan nie. Hulle gaan ook nie weet of die ander dalk iets nodig het en of hulle mekaar kan help nie. As hulle nie met mekaar praat nie, gaan hulle mekaar later nie meer ken nie.

In die erediens praat God met ons en ons met Hom. Ons *kuier* as't ware by mekaar. Ons kan die votum en seën, wetlesing, genadeverkondiging, Skriflesing en die preek verstaan as God wat met ons praat, en ons sang, belydenis en gebede as ons wat met God praat. As ons nie met mekaar praat nie, gaan ons mekaar later nie meer ken nie. Ons het eerbied en respek vir God wanneer ons met Hom praat en na Hom luister.

Heel aan die begin van 'n erediens spreek die dominee die votum uit. Die betekenis daarvan is dat die dominee namens God almal *welkom* heet en uitnoui om sy liefde en verlossing hulle eie te maak. Saam met die votum en aan die einde van die erediens, spreek die dominee die seëngroet uit. Dit is soos wanneer mense mekaar groet. God groet ons wanneer ons met mekaar begin praat in die erediens. Hy groet ons ook aan die einde van die erediens wanneer ons klaar met mekaar gesels het. God se groet is meer as om net *Goeiemôre* en *Totsiens* te sê. Wanneer God ons groet, belowe Hy ook dat Hy vir ons sal sorg en by ons sal wees as ons Hom nodig het. Dit is mos wat Hy lank terug aan Abraham belowe het en wat ook vandag vir ons geld.

Die erediens is 'n gesprek tussen ons en God. God praat met ons, en ons praat ook met Hom. Ons moet luister wat God vir ons tydens die erediens sê, en gaan lewe soos wat Hy verwag.

In Eksodus 3 lees ons dat God met Moses praat vanuit 'n bos wat brand. Toe Moses nader gaan en sien dat die bos nie uitbrand nie maar aanhou brand, besef hy dat hy hier met God te doen het. Hy trek sy skoene uit omdat Hy eerbied en respek vir God het. Moses weet dat wanneer God met hom praat en hy antwoord, dan is dit anders as wanneer hy met 'n mens praat. As God praat, moet 'n mens luister en doen wat Hy vir jou vra. Wanneer ons antwoord, moet ons dit met eerbied en respek doen. Daarom moet ons mooi luister wanneer ons in die erediens is en die votum en seën, wetlesing, genadeverkondiging, Skriflesing en preek hoor. Ons glo dat dit die manier is waarop God deur die dominee met ons praat. Ons sit stil en ons luister met eerbied en respek.

In die erediens is dit nie God alleen wat praat nie. Ons antwoord, ons vra van Hom sekere dinge en ons loof Hom. Wanneer ons sing, loof ons die Here. Ons vertel vir Hom en vir mekaar dat Hy goed is en vir ons sorg. Wanneer ons sing en bid, vra ons vir Hom om ons te help om dit wat Hy vir ons in die preek wil sê, te verstaan. As ons sing en bid, sê ons ook vir Hom dankie dat Hy ons die kans gee om in die kerk te kan wees en te luister wat Hy vir ons wil sê. Wanneer die ouderling die wet lees, kom ons agter dat ons baie maal ongehoorsaam is aan God. Uit skaamte bely ons dan ons skuld en sê dat ons jammer is. Daarna praat God, wat ons liefhet, in die genadeverkondiging weer met ons. Hy sê dat Hy ons vergewe as ons in Hom glo. Na dit bely ons ons geloof saam met die ouderling wat die geloofsbelydenis voorlees. Daarmee sê ons dat ons in God glo: Hy sorg vir ons. Hy verlos ons. Hy gee vir ons die ewige lewe.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Die predikant om te help met die aanbidding van die les.

KOM ONS BEGIN

Open deur Gesang 157 hardop te lees.

*Here Jesus, ons is saam
op u roepstem hier vergader;
saam verenig in u Naam
kan ons tot die Vader nader.
Hoor die dank- en smeekgebede,*

Heer, van u gemeentelede.
Maak ons harte deur u Gees
vir die heil'ge Woord ontvanklik.
Laat ons daaglik onbevrees
op u heil bou, diep afhanklik.
Heer, laat ons geloofsvertroue
eenmaal oorgaan in aanskoue. Amen.

HET HULLE ONTHOU?

Kyk na die antwoorde in Les 2 by **IETS OM TE DOEN** en bespreek die volgende:

- Mag ons ooit daaraan twyfel dat ons aan God behoort? *Ons mag, maar God se liefde, versorging en verlossing is so oorweldigend dat ons nooit behoort te twyfel nie.*
- Hoe maak God dit aan ons duidelik dat ons aan Hom behoort? *Hy sê dit vir ons in die Bybel. Hy sê: Ek het jou op jou naam geroep.*
- Wanneer kan jy iemand op sy naam roep? *As jy hom of haar ken. God ken ons almal. Hy weet wat ons nodig het. Hy gee vir ons wat Hy dink die beste vir ons is.*
- Waarvan verseker God sy volk? *God verseker die volk Israel dat Hy hulle nooit alleen sal los of van hulle sal vergeet nie.*
- Beteken die feit dat ons God se kinders is ook iets vir ons toekoms? *Ja, dit beteken dat ek nooit onnodig vir enigiets bang hoef te wees as ek God se kind is nie.*
- Is daar enigiets waarvoor ons bang hoef te wees wanneer ons God se kinders is? *Daar is altyd goed waarvoor 'n mens bang is, maar ons kan op die Here vertrou en vra dat Hy die bangmaakgoed wegneem.*

Vra die volgende vrae oor hulle name:

- Wat beteken jou naam?
- Waarom het jou ouers besluit om jou hierdie naam te gee? Is dit dalk 'n oupa of ouma se naam, of het dit 'n spesiale betekenis?

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Die erediens is 'n gesprek tussen ons en God. Ons kan ook sê God en sy kinders *kuier* by mekaar tydens die erediens. Ons praat met mekaar. God praat met ons deur die votum en seën, wet, genadever kondiging, Skriflesing en preek. Ons praat met God deur ons sang, gebed en belydenis.

Laat die kinders vertel hoe hulle dit verstaan dat ons met ons sang met God **praat**. *(Met ons sang sê ons vir die Here hoe wonderlik Hy is, ons sê ons is jammer oor ons sondes, ons sê vir Hom dat ons in Hom glo, en baie meer.)*

IETS INTERESSANT

Laat die dominee die gegewens by MEER INLIGTING aan die ouers en kinders oordra.

IETS BELANGRIK

Laat die kind in elke gesin die Bybel uithaal en Eksodus 3: 4 opsoek. As hulle nie regkom nie, kan die ouer help. Vra een van die kinders om dit te lees.

Wys hulle daarop dat God praat en Moses antwoord.

IETS OM TE DOEN

- Laat die dominee kortliks die erediensdele noem en die betekenis van elk verduidelik. Help julle die kinders en laat hulle so bondig moontlik die erediensdele in hulle boeke invul. Kyk hieronder.

Votum

Heel aan die begin van 'n erediens spreek die dominee die votum uit. Die betekenis daarvan is dat die dominee namens God almal *welkom* heet en uitnooi om sy liefde en verlossing hulle eie te maak.

Sang en gebed

Wanneer ons sing, loof ons die Here. Ons vertel vir Hom en vir mekaar dat Hy goed is en vir ons sorg. Wanneer ons sing en bid, vra ons vir Hom om ons te help om dit wat Hy vir ons in die preek wil sê, te verstaan. As ons sing en bid, sê ons ook vir Hom dankie dat Hy ons die kans gee om in die kerk te kan wees en te luister wat Hy vir ons wil sê.

Wet

Die Here sê vir ons deur sy wet wat ons moet doen en wat ons nie moet doen nie.

Skuldbelydenis

Wanneer die ouderling die wet gelees het, kom ons agter dat ons baie maal ongehoorsaam is aan God. Uit skaamte bely ons dan ons skuld en sê dat ons jammer is.

Genadeverkondiging

Daarna praat God weer met ons. Hy sê dat Hy ons vergewe as ons in Hom glo.

Geloofsbelydenis

Na dit bely ons ons geloof saam met die ouderling wat die geloofsbelydenis voorlees. Daarmee sê ons dat ons in God glo: Hy sorg vir ons. Hy verlos ons. Hy gee vir ons die ewige lewe.

Skriflesing

In die Bybel hoor ons alles wat die Here vir ons wil sê. Daarom is dit belangrik dat die Bybel altyd in die erediens gelees word.

Prediking

Wanneer die dominee preek, verduidelik hy wat die Here vir ons sê en hoe ons dit in ons lewe moet gaan toepas.

Seëngroet

Die seëngroet is soos wanneer mense mekaar groet. God groet ons wanneer ons met mekaar begin praat in die erediens. Hy groet ons ook aan die einde van die erediens wanneer ons klaar met mekaar gesels het. God se groet is meer as om net *Goeiemôre* en *Totsiens* te sê. Wanneer God ons groet, belowe Hy ook dat Hy vir ons sal sorg en by ons sal wees as ons Hom nodig het.

- Laat die kinders saam met hulle ouers die dele van die erediens, wat in die volgende tabel versteek is, soek.

S	E	S	H	X	F	E	E	B	A	P	W	F	J	U	R	T	O	O	I
B	R	K	S	H	E	W	E	P	L	A	A	V	M	L	F	K	E	G	H
E	F	R	A	J	H	E	W	K	G	U	P	V	S	M	G	E	X	A	W
G	A	I	M	N	W	A	H	D	P	F	I	S	T	N	C	A	O	W	E
V	E	F	Z	D	U	G	E	K	O	G	A	N	K	R	Q	B	T	P	A
Z	B	L	Q	F	K	H	R	C	N	S	H	G	R	A	B	F	U	R	W
U	G	E	L	O	O	F	B	E	L	Y	D	E	N	I	S	Y	E	M	J
P	D	S	J	O	E	V	J	G	A	Q	V	B	R	G	E	Z	A	T	S
B	A	I	D	J	F	A	N	Y	D	B	I	E	R	D	E	K	I	N	G
D	V	N	M	S	Y	S	S	V	V	F	N	D	P	L	N	G	D	S	W
H	J	G	S	F	J	E	B	S	O	R	V	J	R	E	G	F	G	D	A
T	W	M	X	F	J	G	W	E	T	V	S	Y	E	R	R	R	Y	D	S
U	G	C	D	Y	V	A	H	R	U	S	W	B	D	D	O	S	D	S	G
U	L	E	A	C	U	B	P	F	M	Y	Y	S	I	R	E	K	G	Z	E
D	A	M	S	B	T	A	L	V	A	A	D	S	K	V	T	M	A	S	V
R	A	E	N	D	U	D	B	W	T	R	G	E	I	T	Y	E	R	T	Y
B	B	E	S	I	M	Y	R	K	N	E	S	A	N	G	M	C	J	N	H
H	P	H	J	S	T	N	G	T	F	V	N	W	G	I	O	L	Z	E	J
I	E	T	Q	M	G	J	U	B	O	B	M	G	W	A	S	R	J	B	S
S	W	A	D	Y	B	L	U	O	P	Q	C	O	C	A	P	E	N	R	J

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat die kinders met hulle ouers se hulp tuis die volgorde gaan neerskryf waarin die verskillende dele van die erediens op mekaar gevolg het.
- Laat hulle vir hulle ouers die volgende vertel of vra oor die erediens:
 - Wat in die preek was vir hulle die *mooiste*?
 - Het die liedere by die preek gepas?
 - Het die dominee oor hulle nood in sy of haar gebed gepraat?
 - Wat is daar wat hulle nie verstaan het nie? (Laat hulle in so 'n geval die dominee bel en vra wat hy of sy bedoel het.)

LEER

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by ons almal wees (2 Korintiërs 13: 13).

AFSLUITING

Laat die kinders 2 Korintiërs 13: 13 in hulle Bybels opsoek. Vra een van die kinders om af te sluit deur dit hardop voor te lees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by ons almal wees. Amen.

Belangrike opmerking vir die kategeet:

- Reël vroegtydig 'n uitstappie na een van die plekke soos genoem in Les 5 by IETS OM TE DOEN. Vind uit watter soort geskenkies julle mag saamneem, en kry die nodige toestemming daarvoor. Reël met elke kind wat hulle by Les 5 (oor twee weke) as geskenkie moet saambring.